Om met God te Wandel

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B190a Eng/Afr.

Skriflesing uit Mat.7:1-14

Kernvers: 14- 'Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.'

Wat beteken dit om met God te wandel? In Genesis 5 lees ons van Henog wat met God gewandel het – en God het hom in die hemel opgeneem. Abraham het met God gewandel. Al die godsmanne het met God gewandel.

Een van die mooiste insidente vir my in die Bybel is daar waar Elia voor die goddelose Agab en Jesebel gestaan het en gesê het: 'Sowaar as die God lewe voor Wie ek staan….'God was vir hierdie mense 'n werklikheid.

Hoe pas ek dit toe in my lewe? Om op die Christelike pad te kom, moet jy eers deur 'n 'hek' gaan. Daar kom 'n oomblik in jou lewe waar jy tot bekering kom; jy kan nie 'n pad betree as jy nie eers deur die poort gegaan het nie.

'n Pad lei na 'n bestemming en so is daar vir ons 'n bestemming om eendag saam met Christus in Sy Koninkryk te wees. Daar is egter 'n daaglikse wandel met die Here wat noodsaaklik is naamlik 'n nuwe soort lewe.

As iemand in Christue is, is hy 'n nuwe skepsel. Die ou dinge het verbygegaan en kyk dit het alles nuut geword.

Wanneer ons na die Bybel gaan sal ons sien dat hierdie nuwe Christelike Lewe bekend was as 'Die Weg'. Jesus het gesê: ' Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.'

Daarom moet ek hand aan hand saam met Hom wandel….